

Om vir Christus te ly



Sabbatmiddag

Leesverwysings vir hierdie week se les:

I Petrus 1:6, 3:13–22, II Timoteus 3:12, I Petrus 4:12–14, Openbaring 12:17, I Petrus 4:17–19.

Geheeteks:

“Want hertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle ‘n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstap kan navolg;” (*I Petrus 2:21*).

Die geskiedenis van die vervolging van Christene gedurende die eerste paar eeue na Christus, is goed bekend. Die Bybel en veral die Boek Handeling, het die kerk ingelig oor wat sou gebeur. Vervolging en die lyding wat dit sou meebring, was duidelik ook ‘n werklikheid in die lewe van die Christene aan wie Petrus geskrywe het. In die eerste hoofstuk skryf Petrus dat “al word julle nou – as dit nodig is – ‘n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge, sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlikheid by die openbaring van Jesus Christus” (*I Pet. 1:6, 7*). Na aan die einde van Petrus se eerste brief is daar dieselfde gedagte: “En mag die God van alle genade self,... nadat ons ‘n kort tyd gely het, julle volmaak bevestig, versterk en grondves” (*I Pet. 5:10*).

In hierdie kort brief is daar nie minder as drie verskillende skrifgedeeltes wat die lesers se lyding vir Christus aanspreek (*I Pet. 2:18–25, 3:13–21, 4:12–19*). Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat lyding wat deur vervolging veroorsaak word ‘n hooftema in die eerste brief van Petrus is, en hierdie week gaan ons daarna kyk.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat 6 Mei.*

Die vervolging van die eerste Christene

Lees I Petrus 1:6, 5:10. Waarvan praat Petrus hier, en hoe het hy sy lesers aanbeveel om op wat hulle mee gekonfronteer sou word, te reageer?

Gedurende die eerste paar eeue na Christus kon Sy volgelinge se geloof hulle 'n verskriklike dood laat sterf het. 'n Brief wat aan die Romeinse Keiser Trajan geskryf was, illustreer hoe onseker die veiligheid van die eerste Christene was. Die brief was geskryf deur Pliny wat toe die goewerneur van Pontus en Bithinië (111-113 nC.) was, twee van die streke wat in I Petrus 1:1 genoem word. Pliny het aan Trajan geskryf om leiding te vra oor wat met mense gedoen moes word wat as Christene aangekla word. Hy het verduidelik dat hy hulle wat daarop aangedring het dat hulle Christene was, tereggestel het. Die wat gesê het dat alhoewel hulle vroeër Christene was, dit nie meer die geval was nie, was deur Pliny toegelaat om hulle onskuld te bewys deur wierook vir die standbeelde van Trajan en ook ander gode te offer, en deur Jesus te belaster. Om 'n lewende keiser te aanbid was selde in Rome gedoen, alhoewel in die oostelike gedeelte van die Romeinse Ryk waarheen die eerste brief van Petrus gestuur was, het die keisers toegelaat en dit selfs aangemoedig dat tempels ter ere van hulself gebou word. Sommige van hierdie tempels het hulle eie priesters en altare gehad waarop offerandes geoffer was. Toe Pliny Christene beveel het om hulle lojaliteit aan die Romeinse Ryk te bewys deur wierook te offer en deur die standbeeld van die keiser te aanbid, het hy 'n ou praktyk in Klein Asië gevolg en toegepas. Daar was tye gedurende die eerste eeu dat Christene verskriklike gevare teëgekomp het net omdat hulle Christene was. Dit was veral die geval onder Keisers Nero (54-68 nC.) en Domitian (81-96 nC.). Maar die vervolgings wat in I Petrus genoem word, was van 'n meer plaaslike aard. Daar is min spesifieke voorbeelde van vervolging in Petrus se brief, maar miskien sluit dit "as hulle van julle kwaad spreek soos van kwaaddoeners" (I Pet. 2:12) en "vergeld geen kwaad met kwaad" of "skeldwoorde met skeldwoorde" (I Pet. 3:9, 4:14) in. Terwyl die beproewinge erg was, kom dit voor asof dit nie in wydverspreide gevangenskap of die dood ontaard het nie, tenminste gedurende daardie tyd. Nietemin, deur soos 'n Christen te gelewe het, sou gelowiges in stryd met belangrike elemente van die eerste eeu se groter samelewing gebring het, wat tot gevolg kon gehad het dat hulle vir hul geloof sou gely het. Petrus het dus 'n ernstige besorgdheid in sy eerste brief aangespreek.

Lyding en Christus se voorbeeld

Lees I Petrus 3:13-22. Hoe behoort Christene teenoor diegene wat hulle laat ly vir hulle geloof, te reageer? Wat is die verbintenis tussen die lyding wat Jesus moes deurmaak en die lyding vir geloof wat deur gelowiges ondervind word?

Wanneer Petrus sê, "... as julle ook moet ly terwille van die geregtigheid, salig is julle" (I Pet. 3:14), is hy besig om Jesus se woorde te herhaal: " 'Salig is die wat vervolgd word terwille van die geregtigheid' " (Matt. 5:10). Dan sê Petrus dat Christene hulle vervolgers nie moet vrees nie, maar die Here God in hulle harte moet heilig (I Pet. 3:15). Die besef dat Jesus in hulle harte is, sal help om die vrees vir diegene wat hulle teëstaan, te stop. Hy stel dan voor dat Christene altyd bereid behoort te wees om vir die hoop in hulle verantwoording te doen, en dat hulle dit op 'n aangename manier moet doen, met sagmoedigheid en vrees ("vrees" word soms as "eerbied" vertaal); (sien I Pet. 3:15, 16).

Petrus dring daarop aan dat Christene seker behoort te maak dat hulle ander nie 'n rede sou gee om hulle te beskuldig nie. Hulle moet hulle gewetes skoon hou (I Pet. 3:16). Hierdie is baie belangrik, want dan sal diegene wat die beskuldiging maak tot skaamte gebring word deur die onberispelike lewe van die Christen. Dit is duidelik dat daar geen verdienstelikheid daarin is wanneer jy ly omdat jy verkeerd doen nie (I Pet. 3:17). Dit is om te ly wanneer jy goed doen, omdat jy doen wat reg is, wat die werklike verskil maak. "Want dit is beter, as die wil van God dit eis, dat julle ly wanneer julle goed doen as wanneer julle kwaad doen" (I Pet. 3:17).

Petrus gebruik dan die voorbeeld van Jesus. Christus het vir Sy regskaapenheid gely; die heiligheid en reinheid van Sy lewe het hulle wat Hom gehaat het, konstant teregge wys. Indien daar ooit iemand was wat gely het omdat hulle reggedoen het en nie verkeerd nie, was dit Jesus. Maar Sy lyding was ook die enigste middel tot redding. Hy het in die plek van sondaars gesterf ("die Regverdigte vir die onregverdige," I Pet. 3:18), sodat hulle wat in Hom glo die belofte van die ewige lewe kan hê.

Het jy al ooit gely, nie omdat jy verkeerd gedoen het nie, maar omdat jy gedoen het wat reg was? Wat was jou ondervinding, en wat het jy geleer oor wat dit beteken om 'n Christen te wees en om die karakter van Christus te weerspieël?

Die vuurgloed van vervolging

Lees I Petrus 4:12–14. Hoekom sê Petrus dat hulle nie oor hulle lyding verbaas moet wees nie? (Sien ook II Timótheüs 3:12)

Petrus maak dit duidelik dat om te ly deur vervolging omdat jy ‘n Christen is, is om deel te hê in Christus se lyding. Dit is nie iets wat onverwags gebeur nie. Intendeel, soos Paulus skryf: “En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolgt word” (II Tim. 3:12). Jesus het self Sy volgelinge gewaarsku oor wat hulle te wagte kon wees: “ ‘Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam. En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat’ ” (Matt. 24:9, 10). Ellen G. White skryf: “So sal dit met almal gaan wat godsalig in Christus Jesus wil leef. Vervolging en smaad wag op almal wat met die Gees van Christus besiel is. Die aard van die vervolging verander saam met die tye, maar die beginsel – die onderliggende gees – is dieselfde as die wat die uitverkorenes van die Here sedert die dae van Abel gedood het.” — *Die Handeling van die Apostels*, bl. 453.

Lees Openbaring 12:17. Wat sê dit oor die werklikheid van die vervolging van Christene in die laaste dae?

Daar is geen twyfel nie, vir ‘n getroue Christen kan vervolging ‘n altydteenwoordige werklikheid wees. Petrus verwys daarna hier deur sy lesers teen die “vuurgloed van vervolging” te waarsku waarmee hulle te doen sou kry. Vuur was ‘n goeie metafoor om te gebruik. Vuur kan vernietig, maar dit kan ook van onsuiverhede ontslae raak. Dit hang af wát brand. Huise word deur vuur vernietig; silwer en goud word daardeur gesuiver. Alhoewel ‘n mens nooit opsetlik vervolging moet laat ontstaan nie, kan God daaruit goed laat voortspruit. Petrus sê dus aan sy lesers (en aan ons): Ja, vervolging is nie aangenaam nie, maar moenie daardeur ontmoedig word asof dit nie te wagte was nie. Beur in geloof vorentoe.

Wat kan ons doen om hulle wat vir hulle geloof ly op te beur, te bemoedig, en selfs te help?

Die oordeel en die huis van God

Vergelyk I Petrus 4:17–19 met Jesaja 10:11, 12 en Maleági 3:1–6. Wat het hierdie verse met mekaar in gemeen?

In al hierdie Skrifgedeeltes word die proses van oordeel uitgebeeld dat dit by die huis van God begin. Petrus verbind selfs die lydinge van sy lesers met die oordeel van God. Vir hom is die lydinge wat sy Christenlesers ondervind niks anders as die oordeel van God wat by die huis van God begin nie. “So laat dan ook die wat volgens die wil van God ly, hulle siele aan Hom as die getroue Skepper toevertrou met goeie dade.” (I Pet. 4:19)

Lees Lukas 18:1–8. Hoe help hierdie teksverse ons om God se oordeel te verstaan?

In Bybelse tye was oordeel iets wat baie gewild was. Die prentjie van die arm weduwee in Lukas 18:1-8 weerspieël die breër gesindheid teenoor oordeel. Die weduwee weet dat sy in haar saak sal seëvier as sy net ‘n regter kan vind wat haar saak sal hanteer. Sy het nie genoeg geld en status om haar saak te laat verhoor nie, maar sy oorreed die regter uiteindelik om dit aan te hoor en om aan haar te gee wat sy verdien. Net soos Jesus sê: “Sal God dan nie reg doen aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval?” (Luk. 18:7) Sonde het boosheid in die wêreld gebring, en deur die eeue het God se volk lank gewag vir God om dinge reg te stel. “Wie sal U nie vrees nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie want U alleen is heilig; want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat u regverdige dade openbaar geword het.” (Openb. 15:4)

Dink aan al die boosheid in die wêreld wat reeds ongestraf gebly het, en nog steeds ongestraf bly. Hoekom is die konsep van oordeel en God se regverdige oordeel dan so belangrik vir ons as Christene? Watter hoop kry jy uit die belofte dat oordeel gefel sal word?

Geloof te midde van vervolging

Soos ons gesien het, het Petrus aan gelowiges geskryf wat vir hulle geloof gely het. En volgens die geskiedenis het dit net erger vir die Christene geword vir 'n ruk lank. Baie Christene het sekerlik vertroosting gevind in wat Petrus geskryf het. Daar is geen twyfel dat baie vandag nog vertroos word deur wat hy geskryf het. Hoekom dan die lyding? Dit is natuurlik 'n eeue-oue vraag. Die Boek Job, een van die eerste boeke in die Bybel wat geskryf was, se hooftema gaan oor lyding. Inderdaad, as daar ooit iemand (behalwe Jesus) was wat gely het, nie as 'n "moordenaar of dief of kwaaddoener of as een wat hom met die sake van 'n ander bemoei [het] nie" (*I Pet. 4:15*), was dit Job. Per slot van rekening, selfs God het van Job gesê: " 'Het jy ag gegee op my kneg Job? Want daar is niemand op die aarde soos hy nie: 'n man vroom en opreg, godvresend en wat afwyk van die kwaad?'" (*Job 1:8*). En tog, kyk waardeur Job gegaan het, nie omdat hy gesondig het nie, maar omdat hy regverdig was!

Hoe help die volgende teksverse om die vraag oor die oorsprong van lyding te beantwoord? I Pet. 5:8, Openb. 12:9, Openb. 2:10.

Kortom, ons ly want ons is in die middel van die groot stryd tussen Christus en Satan. Hierdie is nie maar net 'n metafoor nie, 'n simbool van die goed en kwaad wat in ons woed nie. Daar is 'n regte duiwel en 'n regte Jesus wat oor ons as mense'n stryd voer.

Lees I Petrus 4:19. Hoe kan wat Petrus hier geskryf het ons help met dit waarmee ons nou worstel?

Wanneer ons ly, veral wanneer daardie lyding nie die gevolg is van ons eie verkeerde dade nie, vra ons maklik weer en weer die vraag wat Job gevra het: Hoekom? En, soos wat dit baiekeer die geval is, het ons nie 'n antwoord nie. Soos Petrus sê, al wat ons kan doen, selfs te midde van ons lyding, is om ons siele aan Hom as die "getroue Skepper" toe te vertrou "met goeie dade" (*I Pet. 4:19*).

Hoekom is dit vir 'n Christen so uiters belangrik om God se karakter en Sy goedheid en Sy liefde persoonlik te ken, veral vir dié een wat ly? Hoe kan ons almal leer om God en die werklikheid van Sy liefde beter te leer ken?

Vir verdere studie:

Sondag se studie het die vervolging van Christene behandel. Hier volg 'n meer volledige uittreksel uit die brief wat aan die keiser geskryf was oor die vervolging van Christene gedurende die eerste eeu: "... die metode wat ek gevolg het om die aangeklaagde Christene te hanteer, was soos volg: Ek het hulle ondervra of hulle Christene is; as hulle dit erken het, het ek die vraag weer gevra en bygevoeg dat hulle die doodstraf daarvoor sou kry; as hulle nog steeds volhard het, het ek beveel dat hulle tereggestel moes word. Hoe hulle geloofsbelydenis ook al sou wees, het ek tenminste nie getwyfel dat hulle weerbarstigheit en onbuigbare koppigheid vir tugtiging gevra het nie. "Hulle wat ontken het dat hulle Christene was of ooit was, en herhaal het wat ek hulle voorgesê het om te doen, naamlik om ander gode aan te roep en lof saam met wyn en wierook aan u beeld wat ek saam met al die ander gode laat haal het vir hierdie doel, te offer, en uiteindelik ook Christus te laster — wat, soos gesê was, die regte Christene nooit gedwing kon word om te doen nie — hulle het ek goedgevind om vry te laat. Andere wat deur 'n informant verklap was, het eers bely dat hulle Christene was en daarna dit ontken; dit was waar, het hulle gesê, hulle was eers deel van daardie geloofsoortuiging, maar hulle het opgehou daarmee, party drie jaar gelede, ander baie jare gelede, en 'n paar selfs vyf-en-twintig jaar gelede. Hulle het almal u beeld aanbid asook die ander gode, en Christus gelaster." — *Pliny Letters* (London: William Heinemann, 1915), boek 10:96 (vol. 2, bl. 401–403) (*vrye vertaling*).

Vrae vir bespreking:

1. Wat was die hoofvraagstuk waarmee Christene gekonfronteer was volgens hierdie onthullende brief? Watter parallele kan ons hier sien met wat in die laaste dae gaan gebeur volgens die derde engel se boodskap in Openbaring 14:9–12? Wat sê dit oor sommige van die dieperliggende vraagstukke in die groot stryd self?
2. "Diegene wat Gods wet vereer, word beskuldig dat hulle die oorsaak is van die oordele wat die wêreld tref en hulle sal ook beskou word as die oorsaak van die verskriklike stuiptrekkings van die natuur en die stryd en bloedvergieting wat die aarde met ellende vervul. Die krag waarmee die laaste waarskuwing gepaard gaan, maak die goddelose woedend; hulle woede bars los teen diegene wat die boodskap aangeneem het en Satan sal die gees van haat en vervolging tot groter heftigheid aanblaas." — Ellen G. White, *Die Groot Stryd*, bl. 583. Alhoewel ons nie weet wanneer al hierdie dinge gaan gebeur nie, hoe kan ons altyd reg wees vir teenstand teen ons geloof in watter vorm dit ook al mag kom? Wat is die sleutel tot gereed wees?

